



Litera-pryse 1998	145
Oproep om bydraes: <i>Literator</i>-nommer oor die Anglo-Boereoorlog	146

GEDIGTE

<i>Etienne Terblanche</i>	
siberië (vir g)	147
<i>Hein Viljoen</i>	
Die digter maak hom 'n poephol op schiphol	148
ballade van die vallende rand	150
Spraakhandelinge	152
voorstellings van vroue	153
<i>Sandra Norjé</i>	
katode	155

KORTVERHALE

<i>Martin Labuschagne</i>	
Die tenk	157
Boeie	159
<i>Anne-Marie Conradie</i>	
Die berg se verjaarsdag	161



Die rubriek *Litera* word finansiëel gesteun deur/
The section *Litera* is financially supported by
National Arts Council
Nasionale Kunsteraad

Rubriek vir skeppende werk

Litera is 'n rubriek vir die publikasie van skeppende werk in al die tale wat gewoonlik in *Literator* gebruik word. Die Redaksie wil daarmee 'n geïntegreerde beeld skep van die verskeidenheid nuwe skryfwerk wat Suid-Afrikaanse skrywers kan bied.

Die Redaksie kan met vreugde aankondig dat 'n kontantprys toegeken gaan word aan die beste bydraes in die loop van 'n jaar. Een prys sal toegeken word vir die beste bydrae deur 'n debutant en 'n tweede vir die beste bydrae deur 'n meer gevestigde skrywer.

Skrywers word daarom uitgenooi om korter skeppende werk voor te lê vir plasing in hierdie rubriek. Dit kan gedigte of kortverhale wees, maar drama- of romanfragmente en eksperimentele tekste is ook welkom. Bydraes word deur die redaksie gekeur, maar geen korrespondensie kan daarvoor gevoer word nie. Vier kopieë van elke bydrae, in dubbelspasiëring getik, moet voorgelê word. Die naam en adres van die insender moet regs bo-aan die eerste blad van gekramde tekste en op elke los vel vermeld word. Verstrek ook 'n telefoonnommer, faksnommer en e-posadres waar u bereik kan word.

Stuur alle bydraes aan die Hoofredakteur, *Literator* (629), Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte, Privaatsak X6001, Potchefstroom 2520.

Section for creative writing

Litera is a section for the publication of creative writing in all the languages that *Literator* usually caters for. Through this section the Editorial Board want to present an integrated image of the diversity of new writing by South Africans.

The Editorial Board is pleased to announce that a cash prize will be awarded for the best contributions for a specific year. One prize will be awarded for the best debut contribution and one for the best contribution by a more established author.

Writers are therefore invited to submit shorter creative work for publication in this section. Poems and short stories are welcome, but also play and novel fragments and experimental texts. Contributions are refereed by the Editorial Board, but we cannot enter into correspondence about the work submitted. Four copies of each contribution, typed in double spacing, should be submitted. The name and address of the author should appear at the top right of the first page of stapled text and on every loose sheet sent in. Please include a telephone number, a fax number and an e-mail address where you can be contacted.

Send all contributions to the Editor-in-Chief, *Literator* (629), Bureau for Scholarly Journals, Private Bag X6001, Potchefstroom 2520.



Litera-pryse 1998

Dit is met genoë dat die Redaksie van *Literator* die eerste weners van die Litera-pryse kan aankondig. Die pryse word toegeken vir die beste bydraes wat in die loop van 'n kalenderjaar in die rubriek Litera verskyn het.

In die kategorie gevestigde skrywers word die prys vir 1998 toegeken aan Joan Hambidge vir haar siklus gedigte oor Eugene Marais wat in *Literator* 19(2) verskyn het. In die kategorie jong skrywers gaan die prys aan Gerda Taljaard vir haar verhaal "Lot se vrou" wat in *Literator* 19(3) verskyn het.

Baie geluk aan die twee prysweners. Die pryse bedra vanjaar R2500 elk en is tydens die Herfsskool van die ATKV-skryfskool aan die weners oorhandig.

Hein Viljoen
Hoofredakteur

Oproep om kreatiewe bydraes Beelde van 'n oorlog – 1899-1902

Spesiale Litera-rubriek

Om die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) te herdenk, doen die redaksie ook 'n oproep om bydraes vir 'n spesiale Litera-uitgawe as deel van *Literator* se spesiale nommer oor beelde van die Oorlog.

Hierdie nommer verken die terrein wat lê tussen letterkunde, geskiedenis, die media, kuns en kultuur aan die hand van beelde, voorstellings, representasies, mites, ensovoorts van (en oor) die Oorlog. Skrywers word uitgenooi om kreatiewe bydraes hieroor of oor die Oorlog in die algemeen in te stuur.

Die spesiale nommer sal in November 1999 verskyn. Die sluitingsdatum vir die indien van bydraes vir hierdie Litera-uitgawe is **15 Julie 1999**.

Voornemende bydraers is welkom om hulle idees met die gasredakteurs te bespreek.

Call for creative contributions Images of a war – 1899-1902

Special Litera section

To commemorate the South African War (1899-1902) the editorial board of *Literator* is also calling for contributions to a special Litera issue as part of the special *Literator* issue on images of the War.

The aim of this issue is to investigate the interdisciplinary terrain between literature, history, the media, art and culture by focusing on the images, representations, myths, etc. of (and about) the War. Writers are invited to submit contributions on these themes or on the War in general.

The special issue will be published in November 1999. The closing date for submitting contributions for this special Litera issue is **15 July 1999**.

Prospective contributors are invited to discuss their ideas with the guest editors.

Gasredakteurs/Guest editors

Hein Viljoen
Afrikaans en Nederlands/Afrikaans and Dutch
PU vir CHO
Potchefstroom
tel: 018-299-1501
fax: 018-299-1562
eMail: afnhmv@puknet.puk.ac.za

Kobus du Pisani
Geskiedenis/History
PU vir CHO
Potchefstroom
018-299-1594
018-299-2799
gskjadp@puknet.puk.ac.za

siberië (vir g)

in 'n dorp (amper soos clarens)
in die breë grasgroen vlakke en tussen een miljoen riviere
(elkeen met 'n naam) streef die kamera 'n heining,
'n erf en 'n wasgoedlyn voor 'n room huis
en twee kinders staan elk in 'n suurlemoen rok en kyk

hulle voorkoppe is hoog en rond en koel en bleek
soos biesmelk asof hulle slapende gedagtes
agter 'n klaagmuur, 'n tronkmuur dig bewaar sal bly

hulle afdraande skadu-oë is vraend en bly
en weerloos en skugter en nuuskierig nes die oë
van kinders hier en ek wil huil oor die band
tussen my land en rusland
en oor die broosheid en wye genade
van siberië en die hoogland vol grassade

en oor my skedel,
ek wil huil soos die snerpande sneeuwind
oor die talmende hees geneul
van elke verdwaasde en bedeesde kind

Die digter maak hom 'n poephol op schiphol

die koeie en die slote is verdring
deur 'n wir-war van geboue paaie
en beton snel met die stygbaan
langs sleur 'n 747 die lae wolke in

ek sit op Schiphol en eet quiche
terwyl ek in my notaboekie griffel
die digter maak numineuse sin
van hierdie vreesaanjaende vervreemding
die hollanders wat om my gekkebek
aardige aksente hard en skor
merk my digterlike pose glad nie op

dolgelukkig sit en skryf ek op Schiphol
spreek hom digterlik aan
plat wasige son ligmaste
plate motors vliegtuie
poort na Nederland Europa
O poort waar ek die vlakke land
verlaat en na jou toe klim
ek sit op Schiphol en drink tee

lughawens is half heilige plekke
durf ek serieus op Schiphol noteer
koppelvlakke immers tussen land en lug
hier word ons, aangevoer per trein, auto, bus,
saaklik verblik meer eteriese sferie
ingesleur met pakkies belaaie vir die huis
ek sit op Schiphol vir die rekening en wag

Envoi

alle lughawens is immers eners mense
bagasie roesemoes van vertrekkendes
en hulle bure vriende of familie
aluminium glas vloere wat kil glim
jy met jou spulle duur verpak
of in 'n warboel slordig saamgeraap
in bokse of kartonkoffer hartseer
of seer bewus van jou digterlike
roeping val haas nie op
ek staan op Schiphol op vertrek

Hein Viljoen

ballade van die vallende rand

vriende, landgenote
julle met die gesellige pense wat oor die belt hang
dalk in kakie geklee of bont sy die hand
stewig om die bier in blik of bottel lekker koud
en lekker aangewasem betragtend die steaks op
die kole lekker dik krities sag genoeg
weet julle nog hoe julle dit het?

dié landjie is nie myne nie
dié landjie is nie julle s'n nie
speel-ie beurs, maak-ie geld
ons hou hom stewig aan die keel
maar wie sal keer as die rand beginne daal?

ja, ja, julle voete staan plat op die aarde
stewig vaardig rus julle hande massief op
die stuur van die groot 4 x 4 'n man se voertuig
is julle nog in beheer? Die wiel skop ondanks
julle greep en is dit nog so selfversekerd
dat julle die kompetisie deur die ore werk
julle vroue bevrug julle kinders tug
of julle koeie kunsmatig insemineer?

dié landjie is nie ons s'n nie
dié landjie is nie julle s'n nie
speel-ie beurs, maak-ie geld
ons hou hom stewig om die keel
maar wie sal keer as die rand beginne daal?

onverstoorbaar lyk julle – maar julle wêreld
is aan die wankel – asof die groot aardbewing
julle getref het soos dit Kalifornië sal tref –
julle wêreld staan op 'n lem gebalanseer
die kerk loop leeg en die nasionale party
moes plek maak vir swartes in die hoogste
stoele regeer die land kinders
luister nie meer na vaderlike raad en nou-nou
sal julle vroue dalk selfs bo wil lê

die wêreld is nie myne nie
die wêreld is nie joune nie
ons wurg hom stewig om die keel
maar wie sal keer as die land beginne gaan?

Envoi

aa my vriende, my landgenote
braai die wors en drink die bier
gooi die stuur om van die 4 x 4
die wêreld is g'n 'n man se maat
gaan maklik gatkant na jou toe staan
maar wie kan keer as die rand beginne daal?
dié landjie is nie myne nie
dié landjie is nie julle s'n nie
speel-ie beurs, maak-ie geld
ons hou hom stewig om die keel
en wie sal keer as die rand beginne daal?

Spraakhandelinge

“Kom jy weer terug?”

“Ja, so etenstyd.”

“Kom jy weer terug?”

“Ek dink darem so.”

“Kom jy weer terug?”

“Natuurlik ja.”

as die here wil en ons leef
as boy nie eerste skiet nie
of die landmyn nie afgaan nie
die flossie nie val nie
en die garrie nie rol nie
die mortier nie ontplof nie

“Kom jy weer terug?”

“Ja, natuurlik; so eenuur.”

“Kom jy weer terug?”

“Nee, liewer nie.”

dis beter dat ek wegbly
dat ek jou nooit weer sien nie
dat ek jou vergeet
dat ek niks meer van jou weet
dat ek jou lippe nooit weer proe
dat my hande hulle jou borste nie meer herinner nie
dat ek nooit weer in jou oë kyk nie
vergeet van die geheime vlam van blare in jou skoot
dit is verby dit is verby
dit is 'n ou donker verslaande skildery
“Of môre, ja.”

“Kom jy weer terug?”

“Miskien.”

“Kom jy weer terug?”
“Ja, natuurlik.”
nooit in ’n duisend jaar
nie voor die son harig word
soos ’n sak en pers ondergaan
visse op fietse ry
of seekoeie rustig
trompetterend die cha-cha dans

“Kom jy weer terug?”
“Nee, dalk, moet seker ...”

Hein Viljoen

voorstellings van vroue

julle vroue, hoe kan ek julle voorstel
hoe sal ek julle in woorde vang?

dalk by dowwerige lig waar jy agteroorleun
in ’n stapel kussings jou hare smeulend swart
rooi roos in die hand – wie weet – en jy
geklee slegs in ’n stukkie swart kant of wat
waardeer dofweg uitdagend tepels skemer
of ’n donker krans van hare om die groot misterie
uitgestrek op die divan van my drome

of dalk in ’n goue stralekrans van hare
staan jy statig teen die lig
in jou syjapon – moiré, in felrooi –
knoop dit langsaan oop onthul
jou borste die welwing van jou maag jou dye
laat val dit aan jou voete en jy stáán
oorweldigend uitdagend weerloos
en liefkoos jou met die hand

laat my jou voete soen jou knie liggies
aanraak my gesig in jou heupholte druk
aan jou tepel proe jou mond met myne seël ...

of eerder businesslike gebaadjiepakkie
geaktetas hare saaklik weggekam
lippe nie te rooi nie die rok kort genoeg
om been te wys sonder om uit te lok
die glimlag professioneel afstandelik

miskien soos jy ongegrimeer soggens wakker word
hare in 'n warboel gesig vaal 'n baardjie of wat
op die ken 'n streep slaapmerk oor die wang
in ou vertroude pajamas vaal gewas
'n gaatjie op die knie onopgesmuk

julle liggame pols mae knor of borrel
die geheime ritme van hulle mane – opbou
en weer afbreek skeiding bloed herbegin
bloed wat deur are klots stoelgange
voorberei in dermkanale water afskei
nagaarde wind laat vir my pen
is dit onbekend potlood ervaar dit nie
geen manier waarop skoop
dit kan registreer

geen manier waarop ek
julle kan beliggaam in my woorde
onvoorstelbare ondeurgrondelike
anderse misterie

Sandra Nortjé

katode

agt-pond-in-die-winter
loop hy argeloos en baie sag
katvoet deur die nag
bots nogtans rusteloos
teen my slapende gemoed

gedagtes stort bliknat
oor die slaap se rand
'n trillende silwerdoek
vir die huiwerige sekelmaan
voor dit in die sand ondergaan

terwyl hy sy lekker langhaarlyf
uitrek, opkrul en toespinn
in sy eie wollerige droom

Die tenk

“On this glorious occasion of our splendid defeat”
– *Anthony Newley.*

Daar was niks besonders aan die dag gewees toe Jan verveeld die straat afgestap het nie. Net hier en daar het hy tartend teen ’n klip of ’n blikkie geskop. Verder het hy nie iets noemenswaardig gedoen nie.

Maar toe hy op die betrokke tydstip om die hoek van ’n systraat kom, het hy verbysterd teruggesteier. ’n Massiewe tenk het daar tussen die skadu’s in die pad geskuil. Die gat van die loop het hom soos ’n sikloop aangegluur.

Seker maar net ’n parade, het hy vies gebrom en hom uit die voete probeer maak. Binne die ysterromp het die ratte gekraak. Die tenk se kruipbande het op die teerpad onder die kolossale gewig gekners. Stadig het dit agter hom begin aanry.

Die ding sal seker nou fokof, het hy senuweeagtig gedink, sy hande in sy sakke gedruk en aangestap.

Maar die tenk het agter hom bly aansluit.

Net nog een omkyk was nodig om Jan te laat besef wat aangaan.

Die tenk se enjin het agter hom begin brom.

Hy het desperaat na ’n ontsnaproete gesoek.

’n Kroeg se deur was net waarna hy gesoek het. Binne het hy deur die dronk mense gesny om weg te kom. Toe die tenk deur die muur bars, het al die kroeg se insittendes by die vensters uitgepeul. Net Jan het agtergebly, beangs platgedruk teen ’n muur. Die tenk het soos ’n dier in die gebou geklim en met grommende masjiene voor hom kom staan. Daar was ’n ge-wrrt en gekliek en die loop het soos ’n beskuldigende vinger na hom gewys.

Wanhopig het hy rondgekyk, uitgeroep. Maar daar was niks of niemand wat hulle teen die tenk wou verset nie.

“Wat is dit? Waaroor gaan alles?” het hy vraend geskree.

Die tenk was roerloos, asemloos.

“Jy is skuldig!” bulder die tenk-stem.

“Skuldig waaraan?” Die lewe het uit Jan se gesig geloop.

“Onbewuste sameswering met Derdemag-elemente!” het dit uit die pantsermoteur se buik gedreun en die ysterneusgat laat nies.

Nadat die tenk so misterieus gegaan het soos dit gekom het, het die kroegman met ’n sug die stukkende stoele bymekaar gemaak. Hy het die kelner opdrag gegee om ’n nuwe stel te bring en die oues uit te gooi.

Die volgende dag het ’n paar biere weer afgegaan en die skaterlag vir sportstories het deur die saal gehik.

Martin Labuschagne

Boeie

Daar was 'n seuntjie in ons kerkgemeente wat dit baie swaar gehad het. Sy ma en pa, wat albei gesiene mense in die gemeenskap was, het dit goed gedink om orals waar hulle gaan hom aan iets vas te boei. Dit was nou waarlik 'n aardige proses om waar te neem. As hulle in, gestel nou 'n winkel, sou instap, sou hulle eerste reaksie wees om rond te kyk vir 'n stewige konstruksie waaraan hulle die seuntjie kon vasboei. Dan sou die vrou die boeie uit haar handsak haal, dit om die kind se een pols sluit en die ander sirkel aan 'n pyp of iets vasmaak.

Die sleutel het sy aan 'n ketting om haar nek gedra. "Naby aan my hart," het ek haar eenkeer hoor sê.

Vir die kind was die lewe maar bra eensaam. As sy ma hom by die kleuterskool aflaaï en hom klaar geboei het, het die ander kinders hom eenvoudig geignoreer. Sy tyd het hy maar omgekry deur op die grond te teken of om liedjies op te maak.

Eendag het ek hom dopgehou toe 'n ander kind van sy portuur die moed bymekaar geskraap het om die groot vraag te vra. Dis nou die vraag wat niemand gewaag het om te bewoord nie, maar wat op almal se tonge was.

Op 'n redelike afstand het hy gaan staan. Agter hom het sy maats hom die hele tyd aangehits.

"Outjie," het die kind gevra, "hoekom is jy vasgeboei?"

Die seuntjie het verstom regop gaan staan en onseker links en regs gekyk.

"Omdat my mammië en pappie bang is iemand steel my," was sy skugter antwoord.

Die ander kind het eers 'n oomblik stilgebly, sy kop soos 'n grootmens gekrap en gevra: "Wie sal jou nou wil steel?"

Die geboeide kind het hom net verslae aangekyk.

Die ma het later die dag deur die kinders gevleg. Daar was tog so baie van hulle. Haar asem het gehyg, terwyl sy haarself gevloek het omdat sy so laat was.

Sy het die leë boeie wat hy met 'n draadjie oopgemaak het, gesien, haar hare gegryp en magteloos op die grond geval.

Anne-Marie Conradie

Die berg se verjaarsdag

*Lank gelede by die kloof
van die Magaliesberg se hang
Toe dié wat dit vertel nog kinders was
Het 'n siel geswerf wat kind was,
maar op sy manier 'n man.
Gebore om die berge op te pas.
Koos du Plessis*

Vandat hy baie klein was, het die rantjies agter die plaashuis vir hom 'n bekoring ingehou. Omdat hy klein was en die rantjies so groot en so hoog bokant die huis uitgetoring het, het hy dit die berg genoem. Hy kon vir ure onder die bome sit en na die berg van hom staar – hoër, altyd hoër tot daar waar die arend vlieg.

Toe hy groot genoeg was om verder as die plaashuis te speel, het hy en die kinderoppasser lang togte in die berg onderneem en saans het hy, met oë wat skitter van opwinding, vertel van sy berg. Nog later, toe hy moes skool toe, was die skooldae te lank; die syfers en letters onbelangrik, want die berg het gewag.

Sy ma, wat by dieselfde skool skoolgehou het, moes daaglik klagtes aanhoor van sy totale afwesigheid en die feit dat sy gedagtes net nie by sy skoolwerk was nie.

Sy behepthed met die berg kon sy net nie meer so gelate aanvaar of ignoreer nie. Sy het geweet dat sy hom in 'n vaste roetine moes dwing; dat sy speel in die berg beperk moes word tot naweke. Sy het oorgegaan tot 'n plan van aksie, 'n rooster uitgewerk, dit in sy hangkas geplak en met hom bespreek. Lank het hy na die rooster gestaan en kyk en dit nie verstaan nie, want smiddae was sy tydjie van kuier in die berg. Hy het by die deur uitgelooop en sy voete het vanself die bekende paadjie berg toe gevind. Toe sy hom daarna soek, omdat die rooster bepaal dat dit leertyd was, kon sy hom nêrens kry nie. Sy het vir hom op die stoep staan en wag toe hy laat agtermiddag van die berg terugkom.

“Waarom het jy berg toe gegaan as jy weet jy moes leer?” het sy gevra.

“Ek het die berg se verjaarsdag gaan vier,” het hy gesê.

“Berge kan nie verjaar nie,” het sy gesê. “Net mense verjaar, want mense het harte, mense kan sien en hoor en praat.”

“My berg kan verjaar. My berg se oë is die arend, sy stem is die fontein en die wind, die rotse is sy ore en ek is sy hart. My berg sal siek word as ek hom nie elke dag gaan groet nie. Hy sal doodgaan as ek nie sy verjaarsdag vier nie,” het hy gesê en omgedraai om te gaan bad.

Sy het op die stoeptrappies gaan sit en vir die eerste keer gevoel dat die berg ’n bedreiging geword het, maar sy het nie geweet hoe sy die spel kon breek nie. Sy het geen begrip vir die berg en sy verjaarsdag gehad nie. Dit het haar kwaad gemaak; dit het haar heeltemal ontredder en ’n diep verlatenheid het in haar kom lê.

Ek het my kind verwaarloos, het sy gedink. Sy het die droogte en die gesukkel met die hanslammers die skuld gegee. Sy was kwaad omdat sy van sy geboorte af moes skoolhou. Sy het vir die eerste keer die plaas begin haat en het haar rug op die rantjies gedraai. Die rantjies wat haar kind van haar gesteel het; die rantjies waarin haar kind se hart klop – die rantjies het sy ook gehaat.

Omdat sy die skool se bibliotekaresse was, het sy kinderboeke geken. Sy het die volgende dag ’n boek huis toe geneem van seuns wat gaan bergklim. Toe sy dit daardie aand vir hom voorlees, het hy geen begrip daarvoor of belangstelling daarin getoon nie.

“Mens klim nie in die berg rond nie,” het hy gesê. “Jy gaan sit op die berg se skoot en die stories wat hy vertel as die wind tussen die rotse deur waai, kan ’n mens nie in storieboeke lees nie.” Hy het sy rug op haar gedraai en lank na die muur gestaar voordat hy aan die slaap geraak het. Hy het daarna nooit weer oor die berg met sy ma gepraat nie. Dat hy ’n agtermiddag by die fontein in sy berg deurgebring het, het sy net geweet as sy die nat onderbroek tussen sy wasgoed kry. Van die steenbokkie wat daar digby hom kom wei as hy in die gras lê, het hy nooit meer vertel nie. Hy het stiller geword; die lewe was nie meer skakerings van blou en groen nie. ’n Grouheid het vir hom soos mis oor sy berg gehang. Hy het begin om te hou by die rooster wat in sy klerekas geplak was, omdat sy ma daarvoor aanhou sanik het. Sy leeslesse was vervelig, die tafels onbelangrik. Al vermenigvuldig mens al die syfers van die wêreld, sal daar nie ’n syfer wees om al die klippe van die berg te ewenaar nie.

En so was niks vir hom méér belangrik as net naweke nie. Vyfuur Saterdagoggende het hy, met sy sak proviand op sy rug, by sy kamervenster uitgeklim. Vlugvoetig, met veerkrag in sy bene, het hy die berg begin uitklim – die deel van sy lewe wat sy eie was, het dan weer begin.

Toe hy twaalf jaar oud was, het die droogte hulle van die plaas af laat wegtrek. Die nag voor die trek het hy sy slaapsak opgerol en toe die huis stil was, by sy kamervenster uitgeklim en berg toe gegaan.

Met die sterre se lig en die kompas van sy hart het sy voete die ou bekende paaie geklim tot by die oorhangrots bokant die fontein. Daar het hy lank doodstil bly staan en wag vir 'n antwoord. Maar die wind het nie deur die rotse gepraat nie en die arend was reeds in sy nes.

Iets in hom het gebreek en die eggo van sy: "Waarom, waarom, waarom?" het saam met die stroom van die fontein ondertoe geval ... val ... val ... en in die grouheid van die nag stil geword.

Toe hy in sy slaapsak lê, met die berg se ore teen sy kop en die berg se hart in sy bors, het die volmaan agter die wolke uitgebars en sy gesig in droefheid gebaaï.

Oor en oor het hy met 'n stramheid in sy keel belowe: Ek sal terugkom Berg. Ek sal terugkom.

Hy het aan die slaap geraak toe die wind saggies deur die rotse roer. Hy het geweet: die berg het gehoor; die berg het verstaan.

Hulle het in 'n huis langs die skool gaan bly. Vir hom te ver van sy berg af om soontoe te loop en met sy fiets sou dit hom drie uur neem. Die onrustigheid in hom het, na 'n maand weg van sy berg, ondraaglik geword; gegroei tot 'n verlange groter as hyself. Sy oë was oud en sy stap traag.

"Ma, kan Ma my Vrydagmiddag berg toe vat? Ek wil ... Ek wil die naweek daar gaan deurbring." Hy wou sê dat hy die berg se verjaarsdag wou gaan vier, maar hy het hom bedink. Sy het nog nooit verstaan nie. Sy sal sê hy moet grootword. Sy sal weer sê berge kan nie verjaar nie. Sy het die afwagting op sy gesig gesien; die diep verlange in sy oë gelees.

Toe sy sê: "Ja, Ma se kind," het hy geweet dat sy ma vir die eerste keer verstaan. Sy hart het in vreugde opgelaai en vir die eerste keer in jare het sy hom omhels en teen haar bors vasgedruk. Hy het omgedraai en weggeloo sodat sy nie die trane in sy oë kon sien nie.

Die Vrydagmiddag was in sonlig gebaaï. Die blouseeblou van die lug het sy hart lig en bly gemaak en die vreugde van sy siel was in sy oë. Toe sy ma agter die bult verdwyn, was hy al halfpad teen sy berg op.

"Ek is terug, Berg!" het hy uitgeroep. "Ek is terug!" Die arend het hoog in die lug gesirkel en hom gesien.

“Terug! Terug!” het die rotse gesing. By die oorhangrots het hy sy rug- en slaapsak neergeslinger en die klere van sy liggaam gestroop. Die koel fonteinwater was soos ’n ou vriend wat hom omhels. En toe hy op ’n rots gaan sit om droog te word, het die wind sy kaal, nat lyf sag gestreel.

“O, hoe goed is dit om terug te wees,” het hy gedink.

“Hoe blou is die lug, hoe blou is die berg en vandag is die lewe blou, want ek is terug. Ek sit weer op my berg se skoot.” Dae na sy besoek aan die berg was alles aan daardie naweek vir hom so tasbaar; die berg se blou, die arend se vlug en die prikkeling van die fonteinwater op sy lyf.

Miskien het hy gedink dat dit goed sou wees om Danie die volgende keer saam met hom berg toe te neem. Miskien het hy gedink dat Danie sou verstaan. Hulle het die Vrydagmiddag direk na skool met hulle fietse vertrek. Vir die eerste keer sou hy die berg met iemand deel; sou hy die geheimenisse van die berg aan sy beste vriend blootlê.

Die heel pad berg toe het hy vertel van die fontein, die oorhangrots en die arend se nes. Die fietsbande het ’n lied van die berg gesing en sy hart het lig geword in sy bors.

Sy ma het hulle met ’n onrustigheid in haar hart sien vertrek. Sy het nie gedink dat Danie die berg sou kon verstaan soos haar kind nie. Sy het geweet dat die berg hom gou sou verveel omdat hy ’n stadskind was. Sy was bang dat dit die naweek vir haar kind sou bederf.

Die Saterdagoggend toe sy besig was om die tuin nat te lei, het hy alleen by die tuinhokkie ingery gekom. Sy het geweet haar vrese was nie ongegrond nie. Omdat sy bang was vir wat die nag in die berg aan hom gedoen het, het sy bly staan met die tuinslang in haar hand. Sy was onbewus daarvan dat die stroom water die kappertjies verdrink en strome water besig was om ’n dam om haar voete te maak. Sy het vir ’n lang tyd net so bly staan. Toe die nat van die water deur haar skoene dring, het sy die kraan gaan toedraai. Sy het stadig huis toe gestap en in sy kamerdeur gaan staan. Die grouheid van sy gemoed was in sy oë, op sy gesig en in die slap liggaam wat op die bed gelê het. Sy het by hom op die bed gaan sit en toe sy sy hand in hare neem, het sy geskrik vir die koudheid daarvan.

“My berg hou nie van Danie nie,” het hy skor gesê. “Danie hoor nie die berg se stem nie en hy gooi die rotse met klippe.”

Vir weke daarna het hy met ’n lusteloosheid deur die dae gestrompel; sy huiswerk gedoen, geëet, geslaap.

Toe die reënseisoen aanbreek, het hy een aand vir sy ma gesê om hom te roep as die weerberig op TV gebeeldsend word. Aand vir aand het hy die voorspellings dopgehou en aand vir aand was die vooruitsigte dieselfde: reën en donderbuie.

Toe die naweek helder en blou wakker word, dit nie reën nie, die wolke nie saampak nie, het hy besluit om hom nooit weer aan weerberigte te steur nie.

“Ek kon die hele naweek lekker in die berg deurgebring het, as ek net nie my ore aan die weerberigte uitgeleen het nie,” het hy daardie Sondagaand met slaapyd gesê.

Die volgende week het hy hom nie aan voorspellings van die weerburo gesteur nie. Hy het Donderdagaand sy rugsak gepak en sy fiets se bande goed gepomp. Vrydagmiddag kon hy nie gou genoeg wegkom nie.

Sy het in die laatnag wakker geword van die geweldige storm wat buite woed. Toe die eerste druppels met al sy geweld op die sinkdak val, het sy opgestaan en vir haar ’n koppie tee gaan maak.

Toe die geweld van die storm nie afneem nie, het sy oor en oor gebid:

“Here, my kind is daar buite. My enigste het sy berg se verjaarsdag gaan vier. Wees U vannag die berg en die storm. Wil U met u arendsoë oor hom waak en hom veilig terugbring na my toe.”

Sy het die nag nooit geslaap nie. En toe die dag deur die bome breek, het hy in die deurkosyn gestaan. Nat en verwese het hy daar gestaan. En toe sy in sy oë kyk, was hulle dof en gebreek.

“Waarom soek die berg my nie meer nie?” het hy gevra met ’n stem wat oud en moeg was.

Hy het met die nat klere wat aan sy liggaam klou, teen die kosyn afgegly en in ’n bondeltjie op die vloer bitterlik gesit en huil.

Met sy snikke wat deur haar siel sny, het sy ’n kombars van die bed geneem en hom daarmee toegegooi. Toe het sy hom vasgehou ... en die nat van haar oë kon ook die nat van sy hare gewees het.

*Lank gelede, by die kloof
van die Magaliesberg se hang,
na nagte teen die kranse in die reën
Het 'n siel gesterf wat kind was
maar op sy manier 'n man ...
en daarna was die berge weer alleen.*

Koos du Plessis